# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick (3 Julie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "There are three types of workers; those who get things done, those who watch things get done, and those who wonder how so much got done" Anon***

## Volhoubaarheidsinisiatief van Suid-Afrika (SIZA)

Een ding waaroor alle vrugteprodusente in Suid-Afrika saamstem is dat die plaaswerkers hul waardevolste hulpbronne op hul plase is. Om produsente by te staan in hul strewe om voortdurend die toestande van werkers te verbeter het "Fruit South Africa" met die SIZA inisiatief begin. Nie net het SIZA al die hulpmiddels wat nodig is om goeie arbeidspraktyke te verseker geformaliseer nie, dit voorsien ook 'n standaard wat gemoedsrus aan kopers van vrugte vanaf Suid-Afrika verskaf – die gemoedsrus is dat vrugte op 'n etiese manier verbou is. **SIZA het nou 1 341 geregistreerde lede**. Die meerderheid (33%) is sitrusprodusente, gevolg deur sagtevrugte produsente (32%), met druiwe produsente wat die ander 21% opmaak. Die meerderheid van die lede bly in die Wes-Kaap (58%), gevolg deur die Oos-Kaap (20%) en Limpopo (11%). Produsente word aangemoedig om meer te wete van SIZA te kom en aan te sluit – vir 'n produsent is die koste slegs R750. Met die wêreld se grootste klein handelaars wat SIZA onderskryf maak dit nie net sin vir besigheid nie, maar kan ook marktoegang in die toekoms verbeter.

SIZA stel 'n Algemene Bestuurder aan: Fruit SA is verheug om aan te kondig dat **Retha Louw** die nuwe Algemene Bestuurder van SIZA is, sy neem die rol vanaf 1 Julie 2015 oor. Retha kom van 'n vrugtebedryf agtergrond en het in Hortgro sedert 2003 gewerk. Retha, ons wens jou alles van die beste toe met die bestuur van hierdie fantastiese program. CGA wil ook graag vir **Colleen Chennells** bedank vir haar ongelooflike insette om die SIZA te stuur en op te bou tot die program wat dit vandag is. Sitrusprodusente waardeer dit en is dankbaar dat jy steeds vorentoe 'n rol in die SIZA program gaan speel.

SIZA Kapasiteitsbou-program: Gedurende 2014 en tot April 2015, is 'n totaal van 163 "Ethical Trade Facilitator" (ETF) werkswinkels landwyd aangebied. Honderd en twintig van die werkswinkels was op die werkers se verteenwoordigers en toesighouers gerig, terwyl 43 van die werkswinkels op 'n intermediêre vlak aangebied is. Die totaal wat bereik is, is 3038 deelnemers waarvan 2319 werkers was. ETF werkswinkels bestaan uit 'n twee dae opleidingsprogram wat 'n breedvoerige oorsig van die SIZA program en Standaard verskaf. "Training Service Providers (TSPs)" wat opleiding ontvang het en deur SIZA erken word het by SIZA aansoek gedoen vir die befondsing wat van die "IDH (Sustainable Trade Initiative)" en die Departement van Landbou (Wes-Kaap) ontvang is, alvorens hul werkswinkels in hul onderskeie provinsies georganiseer het. Die opleidingskedule vir 2015 is nou gefinaliseer. Vir meer inligting oor die werkswinkels, geskeduleer van Junie tot Desember, en die TSPs wat hierdie werkswinkels bespreek het, kontak asseblief vir Zaitun Rosenberg by zaitun.rosenberg@gmail.com. Die befondsing vir werkswinkels gaan teen die einde van 2015 beëindig word.

SIZA VISA program: SIZA VISA is 'n hulpmiddel in die werksplek, wat deur SIZA ontwikkel is om produsente en werkers met hul induksie-opleidingsbehoeftes te ondersteun. SIZA VISA is regdeur Suid-Afrika geïnisieer. SIZA lede wat graag 'n gratis DVD en opleidingspakket wil bekom moet 'n bewusmakingsessie bywoon, waar daar verduidelik sal word hoe om die opleiding intern aan te bied. Bewusmakingsessies duur omtrent 90 minute en dit MOENIE met die twee dae "Ethical Trade Facilitator" werkswinkels, wat meer in diepte inligting aangaande die SIZA Standaard verskaf, verwar word nie. Persone wat 'n "toolkit" ontvang het kan dit vir interne opleiding op 'n deurlopende basis gebruik. Werkers wat die SIZA VISA opleiding ondergaan sal 'n SIZA VISA kaart as bewys van opleiding ontvang. Produsente sal nie nodig hê om opleiding vir werkers wat 'n kaart kan wys dat hul wel die opleiding ondergaan het, te herhaal nie. Die SIZA VISA opleiding se "toolkit" sluit ook drie plakkate en 'n stel SIZA VISA kaarte vir werkers in. 'n Werkersdatabasis is ontwikkel as deel van die program en sal die besonderhede van die werkers wat die opleiding voltooi het, aanteken.

'n Opdatering van die SIZA VISA se verloop:

- 'n Totaal van 682 deelenmers het die SIZA VISA werskwinkels bygewoon.
- Rondom 92,987 werkers sal deur die program deelnemers bereik word.
- Sedert die stigting in Februarie 2015, het 42% van SIZA lede in die SIZA VISA program deelgeneem.

Sou jy meer van SIZA wou weet, kontak asseblief vir Paul Hardman ph@cga.co.za

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 26 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 15.7 m | 13.5 m | 13.0 m | 11.7 m | 11.4 m | 15.3 m | **14.6 m** | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 5.6 m | 6.7 m | 6.2 m | 5.8 m | 5.7 m | 10.0 m | 10.1 m | 10.0 m |
| Suurlemoene | 7.5 m | 9.1 m | 9.7 m | 7.7 m | 8.7 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 15.9 m | 13.6 m | 13.8 m | 10.3 m | 11.0 m | 25.1 m | 24.4 m | 26.0 m |
| Valencias | 4.5 m | 4.6 m | 3.8 m | 2.0 m | 1.6 m | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 49.2 m | 47.5 m | 46.5 m | 37.5 m | 38.4 m | 113.1 m | 111.8 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**